

**Die herdenking van die Gelofte van 16 Desember 1838
op Versoeningsdag:
'n nuwe uitdaging aan die kerk**

Johan van der Merwe

Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg, Fakulteit Teologie,
Universiteit van Pretoria, Pretoria, Suid-Afrika

Abstract

With the advent of a new political dispensation in South Africa in 1994, the newly elected government of South Africa changed the name of the public holiday on 16 December from “the Day of the Vow” to “the Day of Reconciliation”. The intention of this change was to further reconciliation and nation-building in a post-apartheid South Africa. Many Afrikaners, however, continue to commemorate the 16 December 1838 vow as part of their religious practice. The focus of this article is to show that this poses a major new challenge to the church in South Africa because reconciliation is not only the task of the government, but one of the fundamental calls of the church. This article first focuses on the roots of the vow as part of the Voortrekkers’ religious understanding of themselves, the role it played in Afrikaner nationalism, and the actions of the South African government since 1994 to further the day as a day of reconciliation. A conclusion is then reached that the government alone will not succeed in changing the minds of many conservative Afrikaners. The church will have to take up this challenge.

Inleiding

Op 16 Desember 2011 het ’n belangrike gebeurtenis by Vryheidspark, net buite Pretoria, plaasgevind. Pres. Jacob Zuma het die amptelike versoeningspad wat Vryheidspark en die Voortrekkermonument met mekaar verbind, geopen. Terselfdertyd as die opening van dié pad het duisende mense ’n geloftefeesviering by die Voortrekkermonument bygewoon.

Beeld het soos volg berig:

Terwyl pres. Jacob Zuma gisteroggend ’n rooi lint aan die kant van Vryheidspark geknip het om die Versoeningspad amptelik te open, het duisende mense die Geloftediens in die monument bygewoon. Die Versoeningspad is die nuwe verbindingspad tussen die Voortrekkermonument (VTM) en Vryheidspark, wat dit vir besoekers moontlik sal maak om albei monumente maklik te besoek.¹

Terwyl hierdie gebeure plaasgevind het, was diegene wat die Geloftediens in die Voortrekkermonument bygewoon het, skynbaar onbewus van die opening van die nuwe pad en van die belangrike simboliese betekenis wat die nuwe verbindingspad inhou.²

Zuma het in sy toespraak die klem op versoening laat val toe hy onder meer uit die aanhef van die Grondwet gelees en gesê het: “Dit beklemtoon vergifnis, versoening en nasiebou.” Hy het verder gesê daar is nie ’n beter plek as Vryheidspark om Versoeningsdag te vier nie, want dit versinnebeeld menswaardigheid en dat vryheid ’n groot tol geëis het. Hy het gesê Suid-Afrika het ’n unieke nasie wat deur diep pyn en verdeling gekom het om die land te bou. “Nasionale versoening is kritiek vir die bou van ’n inklusiewe gemeenskap. As regering is ons bewus dat dit ’n reis is en nie ’n geleentheid een keer per jaar nie. Versoening is ’n tweerigtingproses en alle gemeenskappe moet deelneem om die trane af te droog en wonde te genees.”

Zuma het gesê werkloosheid bly ’n groot probleem. “Swart en wit moet die ekonomie oopmaak sodat die meerderheid kan deelneem en ’n rol speel. Ons moet ons verskille opsy sit vir ons land se beswil.”³

¹ Alet Rademeyer. “Versoening gaan in twee rigtings,” *Beeld*, 17 Desember 2011.

² Weinig mense was bewus van die gebeure wat ’n paar kilometer verder afgespeel het, waar pres. Jacob Zuma die Versoeningspad tussen die monument en Vryheidspark amptelik geopen het. Dié pad sal toeriste en besoekers in die toekoms in staat stel om albei monumente te besoek terwyl hulle by enige ingang ingaan. Mnr. Frederik de Beer en me. Elinda Bosker van Pretoria het gesê hulle weet niks van die pad nie en het nog nooit daarvan gehoor nie. Alet Rademeyer. “Trane lê nog vlak by die monument,” *Beeld*, 17 Desember 2011.

³ Deur die Presidensie uitgereik op 16 Desember 2011. www.gov.za 27 Februarie 2012.

Alhoewel talle politici by Zuma aangesluit het en beklemtoon het dat daar ver op die versoeningspad in Suid Afrika gevorder is,⁴ het die opmerkings⁵ van sommiges wat die geloftefeesviering by die Voortrekkermonument bygewoon het, duidelik getoon dat hierdie poging van die regering om die boodskap van versoening op Versoeningsdag nog duideliker te maak weinig inslag gevind het by die Afrikaners wat “Gelofte” nog vier. Onwillekeurig laat dit die vraag ontstaan waarom die regering se herhaalde pogings om die versoeningsboodskap van Versoeningsdag duideliker te stel, nie vrugte afwerp nie.

Die doel van hierdie artikel is om aan te toon dat hierdie mislukte pogings van die regering aan die kerk ’n unieke nuwe uitdaging binne ’n post-apartheid Suid Afrika bied. Om dit te toon sal daar stilgestaan word by die ontstaan van die Gelofte en die belangrike rol wat die Voortrekkers se godsdiens in dié verband gespeel het. Tweedens sal daar gekyk word na die rol van “Gelofte” in die opbloeit van Afrikaner-nasionalisme om daarmee aan te toon dat die tradisionele viering van “Gelofte” baie diep in die wese van ’n groot groep blanke Afrikaners gewortel is. Dertens sal gefokus word op pogings van die regering om die pad van Gelofte na Versoeningsdag in ’n post-apartheid-Suid Afrika te loop voordat daar ten slotte aangetoon sal word waarom die herdenking van die Gelofte op Versoeningsdag ’n nuwe en unieke uitdaging aan die kerk in Suid Afrika rig.

Die konteks vir die ontstaan van die Gelofte

Die Groot Trek

Om die belang van die Gelofte in die geskiedenis van die Afrikaner te verstaan en te verstaan waarom die herdenking van die Gelofte op 16 Desember steeds vir ’n groot groep belangrik is, is dit nodig om stil te staan by die groter konteks waarin dit ontstaan het. Die historiese aanloop tot die Gelofte het begin by die migrasie van tussen 10 000 en 15 000 Voortrekkers uit die Kaapprovinsie in 1835 en 36.⁶ Hierdie migrasie sou gou bekend word as die Groot Trek. Alhoewel die trek nie “groot” was op grond van die hoeveelheid trekkers nie, is Hofmeyr korrek wanneer hy sê:

It became known as the Great Trek because of the far reaching implications it was to have. With the passage of time, the Trek was regarded as an Afrikaner national movement and the great majority of the Afrikaner people were later to identify themselves with its ideals.⁷

Die Trek het ontstaan toe verskillende groepe boere van verskillende plekke onder leiding van prominente leiers die binneland begin intrek het.⁸

Verskeie trekke het teen die einde van 1836 in Thaba Nchu aangekom.⁹ In April 1837 is Piet Retief tot goewerneur van die Voortrekkers verkies.¹⁰ Retief was van mening dat die emigrante boere en die Zulus saam in Natal kon leef. Ten spyte van waarskuwings deur die sendeling Francis Owen, het Retief Dingaan, koning van die Zulus, in Oktober 1837 met ’n versoek om grond, genader. Die Zulu-koning het aangedui dat hy bereid was om die versoek gunstig te oorweeg indien Retief vee wat deur die Tlokwa hoofman, Sekonyela, gesteel is, sou terugbesorg.¹¹ Retief het aan die versoek voldoen en het op 6 Februarie 1838 met 70 man na die kraal van Dingaan- teruggekeer om ’n manifeste onderteken wat die gebied tussen die Mzimvubu en die Tugelarivier aan die Voortrekkers sou toeken. Nadat die manifeste onderteken is, is Retief en al sy manskappe egter deur Dingaan vermoor.¹²

Daarna het Dingaan ook die Voortrekkerlaers by Bloukrans en die Boesmansrivier aangeval, waar nog 500 Voortrekkers vermoor is. Tydens ’n strafekspedisie onder leiding van Potgieter en Uys sneuwel Uys en word die Voortrekkers verslaan by die slag van Italeni.¹³ As gevolg van die nederlaag het Potgieter, een van die oorblywende leiers, besluit om met sy volgelingen na die Transvaal terug te trek. Die dood van Gerrit Maritz op 23 September 1838 het die Voortrekkers in Natal leierloos gelaat.¹⁴

⁴ Rajaa Azzakani. “Versoeningpad is nog lank,” *Die Burger*, 17 Desember 2011.

⁵ Alet Rademeyer. “Trane lê nog vlak by die monument,” *Beeld*, 17 Desember 2011.

⁶ Gerhardus DJ Duvenage, *Van Tarka na die Transgariep* (Pretoria: Academia, 1981), 128-138.

⁷ Johannes W Hofmeyr and Gerald J Pillay, *History of Christianity in South Africa Vol 1* (Pretoria: Haum Tertiary, 1994), 34.

⁸ Herman Giliomee and Bernard Mbenga, *New History of South Africa*, (Cape Town: Tafelberg, 2007), 112.

⁹ Hendrik Potgieter het in 1835 uit die Tarka-omgewing vertrek. Gerrit Maritz het in September 1836 uit Graaff-Reinet vertrek. Giliomee & Mbenga 2007, 114.

¹⁰ Threwhella Cameron (red), *Nuwe Geskiedenis van Suid -Afrika*, (Pretoria: Human & Rousseau, 1986)132.

¹¹ Cameron 1986:132.

¹² Cameron 1986:133.

¹³ Piet Uys en sy seun Dirk sterf op 6 April 1838 tydens die slag van Italeni waar die Zulus die Voortrekkers se strafekspedisie verslaan.

¹⁴ Gerhardus DJ Duvenage, *Die Groot Trek die eerste drie jaar – Deel 3: Die Gelofte*, (Pretoria: Sigma press, 1988), 129.

Die aankoms van Andries Pretorius het egter die leierskapsprobleem opgelos en kort ná sy verkiesing as hoofkommandant het hy begin om 'n kommando saam te stel om die Zulus te gaan straf.¹⁵

Die slag van Bloedrivier

Pretorius het die laers by die Klein Tugela op 27 November 1838 met 400 man, 57 waens en 'n duisend osse verlaat.¹⁶ Soos die kommando getrek het, het die getal gegroei tot 470 man. Terwyl tyd bestee is om die laer teen 'n moontlike aanval te beskerm, is daar ook aandag geskenk aan die sielkundige voorbereiding van die manskappe. Godsdienst het 'n belangrike rol gespeel in hierdie voorbereiding. Pretorius was van mening dat “die op den goeden God vertrouwt, heeft zeker niet op zand gebouwd”.¹⁷ Die belangrikheid van godsdienst in die kommando se voorbereiding word verder deur 'n opmerking van Sarel Cilliers¹⁸ ondersteun nadat die Voortrekkers die slag van Italei verloor het. Hy het verklaar dat die Voortrekkers die slag verloor het as gevolg van 'n gebrek aan toewyding aan God.¹⁹ Dit het daartoe gelei dat besluit is om daaglikse oggend- en aandgodsdienste te hou. Op Saterdagendaand het die manskappe spontaan by Pretorius se tent byeengekom om psalms en gesange te sing. Hierdie gebeure het De Jongh genoop om te sê dat die kommando deur gebed gedra is en dat daar 'n ernstige godsdienstige atmosfeer in die laer was.²⁰

Die gedagte om 'n gelofte aan die Here te doen, het reeds by Pretorius vorm aangeneem toe die laer nog langs die Tugelarivier gestaan het. Waarskynlik het Sarel Cilliers se voorlesings uit die Bybel hierdie ingewing gegenereer.²¹ Duvenhage is korrek wanneer hy sê dat die Voortrekkers hulleself met Israel van ouds geïdentifiseer het. Israel se geskiedenis was ook hulle geskiedenis – net in 'n ander tyd en onder ander omstandighede. “Soos Israel moes hulle stry teen die aanslae van die omringende heidense volke. Soos Israel op die Here vertrou het, moes ook hulle op die Here vertrou.”²² Pretorius het hierdie gewichtige voorneme van 'n gelofte met ander gedeel. Cilliers het aanvanklik bedenkinge gehad oor die Gelofte, soos hy self later sou skryf:

ik vond my er over diep bezwaard, en zij tot hem: mijn heer, ik bevind mij er onder bezwaard dat wij die dag zal vergeten, en ook zal verwaarloozen, en dat de toorn des Heeren dan tegen ons zal ontbranden.²³

Sarel Cilliers het uiteindelik tog ingestem tot die aflê van 'n gelofte, maar daar moes gewag word totdat die kommando voltallig was en elke lid van die kommando sy instemming betuig het.²⁴

Die Gelofte is vir die eerste keer op Sondag 9 Desember 1838 op die oewer van die Wasbankrivier afgelê.²⁵ Cilliers het die diens gelei. Volgens die getuienis van Jan Bantjies het Cilliers die Gelofte²⁶ in die vorm van 'n gebed afgesluit.²⁷ Die Gelofte is in die daaropvolgende dae by elke aanddiens herhaal.²⁸ Alhoewel daar nie eenstemmigheid oor die oorspronklike bewoording van die Gelofte bestaan nie, ondermyn dit nie die belangrike rol wat die Gelofte in die voorbereiding van die kommando gespeel het nie.²⁹

Pretorius en sy kommando het op 15 Desember 1838 by die Ncomerivier aangekom waar die terrein op en gelyk was. Die laer is in die vorm van 'n D tussen die rivier en 'n diep seekoeigat getrek.

¹⁵ Pretorius is op Maandag 26 November 1838 as hoofkommandant verkies Duvenage, 36.

¹⁶ Petrus S de Jongh, *Sarel Cilliers*, (Johannesburg: Perskor, 1987), 152.

¹⁷ De Jongh, 155.

¹⁸ Sarel Cilliers was een van Pretorius se vertrouelinge en 'n ouderling van die Ned Geref Kerk.

¹⁹ De Jongh, 155.

²⁰ De Jongh, 155.

²¹ Duvenage, 141.

²² Duvenage, 141.

²³ Duvenage, 143.

²⁴ Duvenage, 144.

²⁵ De Jongh, 159.

²⁶ Die gelofte het volgens Cilliers soos volg gelui: *Mijne broeders en medelandgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven als Hij met zijne bescherming, met ons zal wezen en onze vijand in onze hande, zal geven dat wij die dag en datum, elk jaar al seen verjaarsdag en een dankdag, zoo al seen Sabbath en Zijne eere, dienen zal, doorbrengen en dat wij het ook aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met one erin moeten deelen, tot gedachtenis, ook voor ons opkomende geslagten, en als iemand is die er onder bezwaard bevind, dat die dan van deze plaats weg moeten gaan, want de eere van Zijn naam daarvoor zal verheerlik worden dat de roem en eer van overwinning, aan Hem zal worden geven.* Hofstede, HJ Geschiedenis in: De Jongh, 163.

²⁷ Cilliers het afgesluit met 'n gebed “waarin de belofte voormeld aan God werd gedaan, een krachtige smeeking, om Gods hulp en bystand in het volbrenging derzelve.” Duvenage, 148.

²⁸ Duvenage, 149.

²⁹ Elsje Buchner en Piet J Strauss. “'n Dankdag soos 'n sabbat” – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838,” *Ned Geref Teologiese Tydskrif* Deel XXXIV nommer 3 (September 1993), 296-297.

Die Zulumagte³⁰ het die laer op 16 Desember vier keer aangeval, maar is elke keer teruggedryf. Nadat die Zulumag op die vlug geslaan het, het Pretorius hulle met 300 ruiters agtervolg. Teen 11:00 was almal terug in die laer. Volgens getuieis het ongeveer 3 000 Zulus gesneuwel terwyl slegs drie van die Voortrekkers gewond is. Teen die aand het die kommandoede byeengekom om die Here vir die oorwinning te dank.³¹ Volgens Bailey was dit die eerste herdenking van die Gelofte.³² Die Voortrekkers het geglo dat God ingegryp het en dat Hy aan hulle die oorwinning gegee het. Alhoewel hierdie standpunt deur historici soos B Liebenberg bevraagteken word,³³ het die Voortrekkers se belewenis ongetwyfeld een van die belangrike boustene van Afrikaner-nasionalisme geword. Hierdie standpunt word verder ondersteun deur Van der Watt wanneer hy aantoon hoe die Nederduits Gereformeerde Kerk 'n leidende rol in die herdenking van Geloftegedag gespeel het.³⁴ Dit is hierdie belangrike rol wat spesifiek die Nederduits Gereformeerde Kerk in die verlede gespeel het wat 'n duidelike rigtingpeiler is vir die nuwe uitdaging aan die kerk in verband met Versoeningsdag. Soos die kerk in die verlede 'n rol gespeel het om Geloftegedag 'n integrale deel van die Afrikaner se godsdienstige beoefening te maak, behoort die kerk ook die uitdaging te aanvaar om versoening op Versoeningsdag te vier. Die rol van die kerk kom duideliker na vore as die historiese ontwikkeling van die dag onder oë geneem word.

Die ontwikkeling van Geloftegedag

Alhoewel die Gelofte vir die eerste aantal jare in kleiner groepe en families herdenk is, het Sarel Cilliers in 1839 reeds begin om fondse in te samel vir die bou van 'n kerk soos in die Gelofte belowe is. Hy het ook voorgestel dat die kerk in Pietermaritzburg, hoofstad van die Voortrekker-republiek Natalia, gebou moes word.³⁵ Die gebou is in 1841 ingewy.³⁶ In 1864 is Geloftegedag as 'n godsdienstige vakansiedag in Natal geproklameer. Die ZAR³⁷ het in 1865 gevolg en die dag het die nie-amptelike naam Dingaansdag gekry.³⁸

In 1910 is Dingaansdag as 'n openbare vakansiedag vir die hele Unie geproklameer terwyl die naam van die dag in 1952 deur die regering na Geloftegedag verander is om dit vir die nie-blanke bevolking minder aanstootlik te maak en om die fokus meer op die gelofte te laat val. Die dag is ook tot 'n Sondag verklaar deur streng Sondagswetgewing daarop van toepassing te maak.³⁹ Hierdie stand van sake het ongetwyfeld bygedra tot die unieke wyse waarop die dag herdenk is. Alhoewel die feesviering sterk deur Afrikaner-nasionalisme beïnvloed is, het dit ook 'n sterk godsdienstige karakter gedra. Bailey vergelyk dit met die Passiespel in Oberammergau.⁴⁰ Dit is juis hier waar die Afrikaanse kerke 'n bydrae van kritieke belang gelewer het tot die wyse waarop die dag herdenk is. Die Sinode van Natal het in 1864 hierin die voortou geneem.⁴¹ Tot in 1990 was die Algemene Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk se standpunt "dat Geloftegedag gevier behoort te word" en is lidmate aangemoedig om hulle met die: "historiese en godsdienstige betekenis van die dag te vereenselwig". Verder is besluit "die godsdienstige aspek van Geloftegedag moet voorrang geniet," maar "dat die dag ook met kulturele aktiwiteite gevul kan word".⁴² In 1994 het die Algemene Sinode die besluite van 1990 in 'n nuwe konteks geplaas en daarmee ook aangedui dat dit inderdaad 'n bousteen op pad na versoening in post-apartheid-Suid Afrika sou kon wees. Die vergadering het soos volg besluit:

In die lig van die besluite van die Algemene Sinode van 1990 oor Geloftegedag besluit die Sinode dat:

³⁰ Die Zulumag het uit bykans 10 000 krygers bestaan: De Jongh, 167.

³¹ De Jongh, 168.

³² Alana Bailey, *Die gelofte van 16 Desember 1838: die herdenking en betekenis daarvan, 1838-1910*, (Ongepubliseerde MA verhandeling, Universiteit van Pretoria: 2006), 4.

³³ Bernard J Liebenberg, "Mites rondom Bloedrivier en die Gelofte," *Suid Afrikaanse Historiese Joernaal*. 20 (1988), het die oorwinning van die Voortrekkers aan hulle gewere toegeskryf.

³⁴ Phillipus B van der Watt, *Die Ned Geref Kerk 1905 – 1975*, (Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1987), 369 -371.

³⁵ Daniel W Kruger, *Die viering van Dingaansdag 1838 -1910*, (Kaapstad: Nasionale Pers, s.j.), 11-15.

³⁶ Van Schoor, MCE, Is geloftegedag gereeld gevier *Die Taalgenoot* 25 Desember 1955 p 6.

³⁷ ZAR was die Zuid-Afrikaansche Republiek.

³⁸ Kruger, 11-15.

³⁹ Floris A van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle*, (Kaapstad: Tafelberg, 1979), 48-49.

⁴⁰ Die Passiespele word elke 10 jaar in Oberammergau opgevoer na aanleiding van 'n gelofte wat die inwoners in 1633 gemaak het. Daarin het hulle belowe om die passiespel op te voer as God hulle van die Swartdood se red: Alana Bailey, "Die herdenking en betekenis van die Gelofte van 16 Desember 1838", *Suid Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 20(2) November 2006.

⁴¹ Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal, *Notulen van de derde Natalsche Ringsvergadering 1864*, 10.

⁴² Nederduitse Gereformeerde Kerk, *Agenda en Handeling van die Agste Vergadering van die Algemene Sinode 1990*, :560.

- Die regte verstaan van die betekenis van Gelofte dag en versoening en vrede in Suid Afrika met mekaar versoenbaar is.
- 16 Desember in die toekoms dus ook vanuit hierdie verstaan van die Gelofte van 1838 gevier moet word.
- Die instansies betrokke by die viering van die dag hierdie standpunt in ag moet neem.⁴³

Alhoewel die godsdienstige belang van die Gelofte en die belangrike rol van die kerk hierdeur onderstreep word, mag die impak van Afrikaner-nasionalisme nie buite rekening gelaat word nie. Dit was hoofsaaklik te danke aan die rol van die Nasionale Party-regering.

Afrikaner-nasionalisme

Volgens die Afrikaner-historikus, FA van Jaarsveld, kan die rol wat die herdenking van die Gelofte in die opkoms van Afrikaner-nasionalisme gespeel het, nie gering geskat word nie.⁴⁴ Die sogenaamde Eerste Vryheidsoorlog in 1880 was 'n belangrike eerste tree toe die Burgers op 16 Desember 1880 by Paardekraal byeengekom het en die Gelofte daar hernu is deur 'n klipstapel te bou. Hierdie gebeure moes as simbool dien wat terugryp na die Gelofte van 1838, maar moes die boerekrygers ook daaraan herinner dat hulle God se uitverkore volk was.⁴⁵

Deur die loop van die 20ste eeu is die herdenking van die Gelofte en die oorwinning by Bloedrivier deur politieke, godsdienstige en gemeenskapsleiers gebruik om aan Afrikaners hulle konteks te verduidelik. Hierdeur is die vuur van Afrikaner-nasionalisme aangeblaas. Hierdie stelling word deur die eeufesherdenkings van die Groot Trek en die slag van Bloedrivier in 1939 ondersteun toe die Gelofte 'n sentrale rol gespeel het. Ehlers is korrek wanneer hulle hierdie gebeure tipeer as 'n belangrike populistiese fase in die ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme.⁴⁶ Hierdie ontwikkeling het voortgebou op wat Pont "n teokratiese verbondsgemeenskap" noem.⁴⁷ Hiervolgens is aanvaar dat alle landsburgers gedoop is, binne die kader van die genadeverbond val en dus volgens die eise van die verbond moes leef. Die staatsowerheid moes sorg dat die eer van God in die openbare lewe gehandhaaf word en dat niks die diens aan God belemmer nie. Dit moes ook die volkslewe help suiwer.⁴⁸ Hierdie stelling word ondersteun deur die volgende aanhaling uit 'n toespraak van dr DF Malan, destydse leier van die Nasionale Party. Hy het tydens die eeufesherdenking van die slag van Bloedrivier gesê:

Op die Bloedrivier-terrein staan ons op heilige grond. Dit is hier waar die toekoms van Suid Afrika as beskaafde Christelike land en die toekomstige geslag van die blanke ras bepaal is. Ons staan vandag in ons eie wit laer by ons eie Bloedrivier terwyl swart massas om ons saamtrek.⁴⁹

Malan het voortgegaan deur te sê dat die nuwe Bloedrivier die stede was waar wit en swart mekaar in die arbeidsveld ontmoet het. "As daar nie redding kom nie, sal dit die einde wees van Suid Afrika as 'n blanke land."⁵⁰ Hierdie standpunt oor die belang van Gelofte dag is reg deur die dekades ná 1938 herhaal. Met die ingebruikneming van die Voortrekkermonument in Desember 1949 is Gelofte dag en die herdenking van die gelofte as 'n simbool van die viering van Afrikaner-nasionalisme gebruik. Van Jaarsveld is korrek wanneer hy sê dat Gelofte dag in die 1960's en 1970's soos 'n kragtasie gebruik is waar energie vir Afrikaner-nasionalisme opgewek is.⁵¹ Die inhoud van hierdie nasionalistiese energie het dramaties in die 1970's en 1980's verander namate die betekenis van Gelofte dag aangepas is om dit in pas te bring met die toenemend gesofistikeerde, selfversekerde stedelike Afrikaners.⁵² Liebenberg beskryf die mitologie wat ontwikkel is en wat moes help om 16 Desember en die Gelofte een van die hoekstene van Afrikaner-nasionalisme te maak, soos volg: Die Gelofte en Bloedrivier het die Groot Trek gered en was daarom die geboorteplek van die Afrikanervolk en 'n oorwinning van die Christendom oor die heidendom en barbarisme. Die geloof dat die oorwinning 'n wonderwerk was en

⁴³ Nederduitse Gereformeerde Kerk, *Agenda en Handeling van die Negende vergadering van die Algemene Sinode 1994*, 437.

⁴⁴ Van Jaarsveld, 71.

⁴⁵ Leonard M Thompson, *The Political Mythology of Apartheid*, (Londen: Yale University Press, 1985), 169.

⁴⁶ Anton Ehlers, *Desegregating History in South Africa: the Case of the covenant and the battle of Blood/Ncome river*, Department of History, University of Stellenbosch, 2003, www.sun025.ac.za/8.

⁴⁷ Adriaan D Pont, "Verbond en volkskerk", *Hervormde Teologiese Studies*, 42(1) (1986), 36.

⁴⁸ Pont, 37.

⁴⁹ Van Jaarsveld, 71.

⁵⁰ Van Jaarsveld, 71.

⁵¹ Van Jaarsveld, 311.

⁵² Ehlers, 10

dat goddelike ingryping aan die Voortrekkers die oorwinning gegee het, het beteken dat alle ware Afrikaners aan die Gelofte getrou moes wees. Dit het verder beteken dat God die “witman” groep het om van Suid Afrika ’n “witmansland” te maak.⁵³

Alhoewel hierdie standpunt met die jare afgewater geraak het, word dit versterk deur ’n nuwe godsdienstige beweging wat die afgelope aantal jare ontwikkel het. “Suid Afrika, draai terug na God” is gestig deur ds. Elza Meyer, ’n predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk, nadat sy ’n visioen van God ontvang het.⁵⁴ Tydens ’n massasaamtrek op 6 Maart 2010 by die Uniegebou in Pretoria, het Meyer gesê dat die Gelofte ’n belangrike rede was waarom Suid Afrika na God moes terugdraai. Alhoewel hierdie beweging nie eksklusief vir blanke Afrikaners is nie, het Meyer se verwysing na die Gelofte dit vir die meerderheid Suid Afrikaners in die land onmoontlik gemaak om daarmee te assosieer.⁵⁵ Dit bevestig die feit dat die Gelofte in ’n post-apartheid-Suid-Afrika nie bydra tot versoening in die land nie juis omdat dit nie losgemaak kan word van sy kled van Afrikaner-nasionalisme nie. Meyer se beweging wys egter dat die kerk tog ’n belangrike rol kan speel, mits die inhoud van die boodskap die uitdaging tot versoening aanvaar.

Geloftedag in ’n post-apartheid Suid-Afrika

Versoeningsdag

Met die aanbreek van ’n nuwe politieke bedeling in 1994 is 16 Desember as openbare vakansiedag behou. Die nuwe demokratiese regering het egter op verskeie maniere probeer om ’n nuwe inhoud aan die dag te gee. In die eerste plek is die naam van die dag na Versoeningsdag verander. Dit is ’n duidelike aanduiding van die verwagting wat die regering gekoester het oor die gees waarin die dag voortaan gevier moes word.⁵⁶ Dat hierdie verandering vir die meerderheid Afrikaners aanvaarbaar was, word die beste geïllustreer deur ’n mosie wat tydens die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) se kongres in 1997 aanvaar is. Die mosie het voorgestel dat 16 Desember voortaan as ’n dag van danksegging, soortgelyk aan dié in die VSA, gevier moes word. Verskillende ATKV-takke is gevra om openbare byeenkomste te reël waar dank aan God betuig kon word vir sy genade en goedheid.⁵⁷ Hierdie gebeure dui aan dat Afrikanerkuultuurorganisasies ook ’n bydrae wou lewer om die boodskap van versoening te beklemtoon.

Die Ncome-monument

’n Tweede belangrike bewys van die regering se bedoeling om aan Geloftedag ’n nuwe inhoud en betekenis te gee, was die bou van die Ncome-museum. Volgens Ehlers was die bou van die Ncome-monument op die slagveld van Bloedrivier ’n verdere belangrike gebeurtenis in die ontwikkeling van herdenking van Geloftedag. Dit het plaasgevind nadat die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie die herinterpretasie van die slag van Bloedrivier as ’n erfenisprojek geïdentifiseer het.⁵⁸ Volgens die departement was die projek gerig op

a re-interpretation of some of the historically one-sided views of the 1838 Zulu Boer war, and the erection of an appropriate memorial at the site of the Battle. Also, built around the project is the idea of building and effecting a spirit of reconciliation among the descendants of those involved in the battle.⁵⁹

Die projek is in 1998 deur die kabinet goedgekeur en ’n groep akademici⁶⁰ is aangewys wat moes meewerk aan die herinterpretasie van die gebeure tydens die slag van Bloedrivier.

Aan die einde van hulle verslag het die akademici tot die volgende belangrike gevolgtrekkings gekom:

The panel unanimously feels that the government should openly support a movement away from the one-sided and stereotypical representations of events in South African history, such as this battle. Instead, the government should support and stimulate the

⁵³ Ben J Liebenberg, “Mites rondom Bloedrivier en die Gelofte”, *South African Historical Journal*, 20, November 1988, 17.

⁵⁴ Persoonlike korrespondensie van outeur met ds. Meyer.

⁵⁵ Johannes de Villiers, “Buchan, Zille bid vir SA”, *Rapport*, 6 Maart 2010.

⁵⁶ Wet 36 van 1994 by www.info.gov.za.

⁵⁷ Mariechen Waldner, “Geloftedag kan soos ’n dankdag word”, *Rapport*, 24 Augustus 1997, 2.

⁵⁸ Ehlers, 14.

⁵⁹ Ehlers, 19.

⁶⁰ Die groep het bestaan uit professors JS Maphalala, M Kunene, J Laband en CA Hamilton, en dr JEH Grobler.

viewpoint that conflicting interpretations are the life-blood of historical debate, and should neither be suppressed nor disregarded in the practice of history. From this point of view it is clearly imperative that a major effort be undertaken to ensure that far greater attention is given to Zulu interpretation of the battle. At the battle-site itself there is a need for such materials to be provided.

The descendants of the original protagonists in the Battle of Blood River/Ncome, namely the Zulu and the Afrikaners of today, are no longer enemies. From a view some 160 years after the confrontation, the main lessons to be learned from it are no longer about the courage and the suffering of the participants, but rather an imperative not to prolong the conflicts of the past. That leads the panel to propose that a further monument should be erected at the site that carries out a message of reconciliation for everybody. The name eKukhumelaneni umlotha (Place of Reconciliation) should be considered for this monument.

After a war, it is often necessary for the protagonists to reconcile with each other and also within themselves with what had taken place – the taking of human lives, the destruction, horror and tragedy which they helped to cause. By jointly participating in erecting a monument that would make noble the loss of Zulu life and extol Zulu bravery as much as the present monuments at the site do for the Voortrekkers; by moving beyond a mere valorisation of war; and by creating a spirit of reconciliation, the descendants of the original protagonists can play an immense part in the building of a united South Africa.⁶¹

Hierdie verslag het aanleiding gegee tot die oprigting van die Ncome-monument wat op 16 Desember 1998 skaars ʼn kilometer van die bestaande monument ingewy is. Tydens die inwydingseremonie, wat deur verskeie hooggeplaastes⁶² bygewoon is, het hoofman Mangosuthu Buthelezi selfs die moontlikheid van ʼn nuwe gelofte aangeraak toe hy gesê het: “Let us consider this the day of a new covenant that binds us to the shared commitment of building a new country through a shared struggle against poverty, inequality, corruption, crime and lack of discipline at all levels.”⁶³ ʼn Skadu het egter oor die inwydingseremonie geval toe: “a small group of apartheid flagwaving Afrikaners” in die walaer byeengekom het vir ʼn gebedsgeleentheid.⁶⁴ Die optrede van hierdie groep is simptomaties van die gevoel onder ʼn groot groep blanke Afrikaners en beklemtoon die uitdaging aan die kerk in die bevordering van die versoeningsboodskap. Dit word verder beklemtoon deur die ervaring van ʼn predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk, ds. LG Schoeman wat sy belewenis van die geleentheid soos volg verwoord het:

I took my family to Blood River on 16 December 1998, full of enthusiasm: Today, we as Afrikaners are going to hold a service on our side and the Zulu on their side and then we are going to reconcile. I heard about joint commissions, a bridge joining the two monuments, and an, in ecumenical circles, excitement over the occasion. Alas, on our way back we were all ashamed that we attended: Ashamed, because such an emotionally charged opportunity to testify for Christian Afrikaners was hijacked by a handful of extremists stumbling into the future ideologically blinded. After the disappointing public worship, during which the *Afrikanervolk*'s theology was openly preached, the Daughters of Zion displayed banners unhindered with the message: “Apartheid is holy”, and pamphlets were distributed with the undertaking “from now on in our country to apply your command to live separately strictly and purposefully”. The rest of the programme did not show any sign of reconciliation.

Schoeman vertel verder: “Together with a friend we set off on our own to the Zulu meeting at the new Ncome Monument. Here the atmosphere was different. We were a few white faces in the crowd of Zulu festival-goers. Hands of reconciliation and goodwill were extended to my nation.” Hy het afgesluit met die woorde: “For Heaven’s sake, do something. I try to raise my children to discover their identity as Christians and Afrikaners. Embarrassments like this [sic] do not make it easy.”⁶⁵

⁶¹ Ehlers, 21.

⁶² Adjunk-president Thabo Mbeki, die Minister van Binnelandse Sake en leier van die Inkatha-vryheidsparty, hoofman Mangosuthu Buthelezi, die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, mnr Lionel Mtshali, en die leier van die Vryheidsfront Genl. Constand Viljoen, asook die uitvoerende direkteur van die FAK (Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings) was teenwoordig.

⁶³ “Peace on the Battlefield”, *Sowetan* 17 Desember 1998, 1.

⁶⁴ “No reconciliation at Blood River”, *Cape Argus*, 19/20 Desember 1998, 24.

⁶⁵ Ehlers, 24.

Die Instituut vir Versoening en Geregtigheid

’n Verdere voorbeeld van die regering se erns om versoening te bevorder en wat direk verband hou met Versoeningsdag was die ontstaan van die Instituut vir Versoening en Geregtigheid. Tydens ’n konferensie wat in September 2000 deur die Instituut gereël is, is besluit dat die eertydse Gelofte-dag, wat Versoeningsdag geword het – 16 Desember – die beginpunt sou wees van ’n dekadende lange amptelike stryd teen rassisme.⁶⁶ Die direkteur van die Instituut, die digter Antjie Krog, het haar visie vir 16 Desember verwoord. Sy het by wit Suid-Afrikaners gepleit om op dié dag ’n “noodsaaklike, sigbare en openbare gebaar” teenoor hul swart landgenote te doen. Swart en wit, het sy gesê, het behoefte aan ’n spesifieke moment in hul bestaan waarvan wit mense sal kan sê: “Ons hét gesê ons is jammer”, en swart mense kan saamstem: “Ja, hulle hét”. Krog het by “alle wit opvoedkundige, kulturele, godsdienstige en ekonomiese strukture” gepleit om dié gebaar op 16 Desember in elke uithoek van die land te maak, moontlik onder leiding van die kerke. Dit kan op vele maniere geskied, het sy gesê. Dit kan ’n ekumeniese kerkdiens in elke dorp of stad wees, optogte deur die strate waarmee wittes kan sê “hier is ons”, en die ondertekening van beloftes om geldelik tot skadevergoeding vir swart mense by te dra. “Ons moet ’n duidelike, presiese punt in die geskiedenis van wittes in Suid-Afrika hê waarvan ons kan sê, van hierdie punt vorentoe het die debat oor swart en wit in die land vir ewig ten goede verander.”⁶⁷ Krog se visie en die voorstelle van die kongres het uitgeloop op die *Tuiste vir Almal*-inisiatief wat op 16 Desember 2000 bekendgestel is. Reaksie op die veldtog was egter uiters negatief. *Rapport* het soos volg daaroor berig: “Versoeningsdag was ’n toonbeeld van ’n nasie wat nog ten diepste verdeel is. Oor die brandende kwessies van rassisme, skuldbelydenis, vergifnis – en versoening – spat die kleure van die reënboog nog uitmekaar.”⁶⁸

Samevatting: ’n nuwe uitdaging aan die kerk

Dit blyk uit bogenoemde dat die nasionale regering se versoeningsdroom nog nie ’n werklikheid in die post-apartheid-Suid-Afrika geword het nie. Ten spyte van verskeie pogings soos die naamsverandering van Gelofte-dag na Versoeningsdag, die Ncome-monument, die Instituut vir Versoening en Geregtigheid en die verbindingspad tussen die Voortrekkermonument en Vryheidspark in Pretoria, is daar steeds ’n groot groep blanke Afrikaners wat min erg het aan die viering van versoening op Versoeningsdag. Buiten vir die groep wat krampagtig vasklou aan die herdenking van die Gelofte van 1838, is daar ’n nog groter groep Suid-Afrikaners wat hulle weinig aan die dag steur. Om hierdie situasie te beredder het die regering ’n bondgenoot nodig en is daar na my mening geen beter bondgenoot as juis die kerk in Suid-Afrika nie. Dit word deur die volgende bevestig:

- Die geskiedenis van byvoorbeeld die rol wat die Nederduits Gereformeerde Kerk in die ontwikkeling en viering van Gelofte-dag⁶⁹ gespeel het, is ’n belangrike rigtingwyser vir al die kerke in Suid-Afrika as nagedink word oor die viering en inkleding van Versoeningsdag. Spesifiek die Afrikaanse kerke sal ’n groter rol moet speel om hulle lidmate te motiveer om Versoeningsdag as ’n dag van versoening te vier.
- Die verwagting dat die kerk ’n belangrike rol kan speel, kom onder meer van buitekerklike organisasies soos die Instituut vir Versoening en Geregtigheid. Die eerste direkteur van die Instituut, Antjie Krog, het in 2000 reeds gesê dat kerke leiding kan neem. Sy het spesifiek verwys na ekumeniese versoeningsdienste op dorpe en in stede waar versoening bevorder en gevier kan word.⁷⁰
- Met die inwyding van die Ncome-monument in 1998 het hoofman Buthelezi reeds verwys na die moontlikheid van ’n nuwe gelofte. Dit is ’n moontlikheid wat ondersoek moet word en waarin die kerke in Suid-Afrika leiding kan neem.
- Goddiens het ’n belangrike ondertoon in die herdenking van die Gelofte en die viering van Gelofte-dag gespeel. Dit lê op die pad van die kerk om die godsdienstige vakuum te vul wat rakende die herdenking van Versoeningsdag ontstaan het. Die kerk in Suid-Afrika sal ekumenies moet saamspan om die Bybelse boodskap van en opdrag tot versoening die kerninhoud van

⁶⁶ Mariechen Waldner, “Hupstoot vir stryd teen rassisme”, *Rapport*, 3 September 2000, 2.

⁶⁷ Waldner, 2.

⁶⁸ Rapport-span, “SA ’n nasie verdeel op 16 Desember”, *Rapport*, 17 Desember 2000, 1.

⁶⁹ Van der Watt, 369 – 370.

⁷⁰ Waldner, 2.

Versoeningsdag te maak. Die aanvaarding van byvoorbeeld die Belydenis van Belhar,⁷¹ wat die opdrag tot versoening as een van die grondpilare van die Christendom identifiseer, deur kerke in Suid Afrika, kan 'n belangrike tree op die versoeningspad wees.

De Villiers is ten slotte korrek wanneer hy sê dat ons in 'n land woon met enorme politieke, ekonomiese en sosiale probleme. Hy sê ook dat dit die primêre verantwoordelikheid van die regering is om hierdie probleme te bestry, maar maak dan die belangrike opmerking dat: “die regering net nie oor die vermoë beskik om al die dimensies van die probleme op 'n effektiewe wyse te hanteer nie.”⁷² Hy verwys voorts na navorsing van Christoph Hubig, wat aantoon dat daar wêreldwyd erkenning aan nieregeringsorganisasies – wat godsdienstige denominasies insluit – gegee word vir die bestryding van samelewingsprobleme. Die bevordering van versoening op Versoeningsdag in 'n post-apartheid Suid-Afrika kan daarom nie net op die regering se agenda wees nie. Die voortgaande herdenking van die Gelofte van 1838 en die versugting na versoening moet ook op die agenda van elke kerk in Suid Afrika kom. Dit bied 'n unieke nuwe uitdaging aan die kerk in Suid Afrika.

Bronne geraadpleeg

- Azzakani, Rajaa 2011. Versoeningspad is nog lank. *Die Burger*, 17 Desember.
- Bailey, Alana 2006. Die gelofte van 16 Desember 1838: die herdenking en betekenis daarvan, 1838-1910. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Buchner Elsje & Strauss, Piet J 1993. 'n Dankdag soos 'n sabbat – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* Deel XXXIV(3), 296-297.
- De Jongh, Petrus S 1987. *Sarel Cilliers*. Johannesburg: Perskor.
- De Villiers, Dirk E 2008. Kan die NG Kerk nog 'n konstruktiewe rol in die Suid Afrikaanse samelewing speel? *Verbum et Ecclesia* JRG 29(2).
- De Villiers, Johannes 2010. *Buchan*, Zille bid vir SA. *Rapport*, 6 Maart.
- Duvenage, Gerhardus DJ 1981. *Van Tarka na die Transgariep*. Pretoria: Academia.
- Duvenage, Gerhardus DJ 1988. *Die Groot Trek die eerste drie jaar – Deel 3: Die Gelofte*. Pretoria: Sigma.
- Ehlers, Anton 2003. *Desegregating history in South Africa: the case of the covenant and the battle of Blood/Ncome River*. Department of History, University of Stellenbosch. Available: www.sun025.ac.za, 8.
- Giliomee, Herman & Mbenga, Bernard 2007. *New history of South Africa*. Cape Town: Tafelberg.
- Hofmeyr, Johannes W & Pillay, Gerald J 1994. *History of Christianity in South Africa, Voll.* Pretoria: Haum Tertiary.
- Cameron, Threwhella (red) 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Pretoria: Human & Rousseau.
- Liebenberg, Bernard J 1988. Mites rondom Bloedrivier en die Gelofte. *Suid Afrikaanse Historiese Joernaal* 20.
- Kruger, Daniel W [s.j.]. *Die viering van Dingaansdag 1838 -1910*. Kaapstad: Nasionale Pers
- Liebenberg, Ben J 1988. Mites rondom Bloedrivier en die Gelofte, *South African Historical Journal* 20, November.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1864. *Notulen van de derde Natalsche Ringsvergadering*.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk 1990. *Agenda en Handeling van die Agste Vergadering van die Algemene Sinode*.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994. *Agenda en Handeling van die Negende vergadering van die Algemene Sinode*.
- Pont, Adriaan D 1986. Verbond en volkskerk. *Hervormde Teologiese Studies* 42(1), 36.
- Rademeyer, Alet 2011. Versoening gaan in twee rigtings. *Beeld*, 17 Desember.
- Rademeyer, Alet 2011. Trane lê nog vlak by die monument. *Beeld*, 17 Desember.
- Rapport span 2000. SA 'n nasie verdeel op 16 Desember. *Rapport*, 17 Desember.
- Thompson, Leonard M 1985. *The political mythology of Apartheid*. Londen: Yale University Press.
- Van der Merwe, Johan M. Persoonlike korrespondensie van outeur met ds. E Meyer.
- Van der Watt & Phillipus B 1987. *Die Ned Geref Kerk 1905 – 1975*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Van Schoor, MCE 1955. Is geloftedag gereeld gevier? *Die Taalgenoot* 25 Desember.
- Waldner, Mariechen 1997. Geloftedag kan soos 'n dankdag word. *Rapport*, 24 Augustus.
- Waldner, Mariechen 2000. Hupstoot vir stryd teen rassisme. *Rapport*, 3 September.

⁷¹ Die Belydenis van Belhar is in 1982 as konsepbelydenis deur die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk opgestel en in 1986 as volwaardige belydenisskrif aanvaar.

⁷² Dirk E de Villiers, “ Kan die NG Kerk nog 'n konstruktiewe rol in die Suid Afrikaanse samelewing speel?”, *Verbum et Ecclesia*, JRG 29 (2), 370.

